

## 12 Augustus Rigters 1:1-7 ('53-vert.), (Teks: 1:3)

### *Neem jou aandeel in besit*

Die erfdeel wat die stamme in Kanaän ontvang het was 'n heenwysing na die erfenis wat God se volk in die volheid van die tyd in Christus sal ontvang. Die manier wat Juda te werk gegaan het om sy aandeel in besit te neem het daarom vir ons groot betekenis. Eerstens sê God dat daar in die gesamentlike erfenis vir elkeen 'n deel is wat hy in besit moet neem. Daar is byvoorbeeld elke dag 'n gedeelte uit Gods Woord vir jou bestem, maar jy moet die tyd afstaan en dit met aandag en ontsag lees. Deur ons erfdeel in besit te neem moet ons God se genade in ons persoonlike lewe self ondervind. Tweedens is daar vyande wat ons aandeel van ons wil weghou. Deur traagheid van binne en deur versoekings van buite sal die vyand alles probeer om ons lam te lê. Hulle sal ons wil weghou van die Bybel en van die kerk sodat ons geestelik arm kan bly. Derdens het ons mekaar nodig. Ons is in Christus mekaar se broers en susters. Ons is van mekaar se voorbidding afhanklik en het mekaar se bemoediging en ondersteuning in hierdie stryd nodig.

Laastens wys die Here ons daarop dat toe Juda en Simeon saam optrek, het die Here die Kanaäniete en Feresiete in hulle mag oorgegee. In die Bybel kom ons telkens onder die indruk van die krag wat God gee in geestelike samehorigheid. In Christus trek Hy voor ons uit as die Oorwinnaar-Koning. Ons sal oorwinnaars bly deur Hom vir wie ons leef en ly. Trek op! Hy wat voor ons uittrek, is die sterke God. Neem jou deel in besit en jy sal die volle seën ontvang wat vir jou weggelê is.

Sing: Psalm 71:1

Ds. S.A. Cilliers (Waterberg)